



TOULEIER



Maioli: Bromponies en saai geboue

Hoofstuk 4 Deel 5

Met so 'n groot onderneming soos die, is dit gewoonlik broodnodig om dit op te kap in meer hanteerbare stukke sodat die menslike vermoë van beheer en uitvoerbaarheid darem kan tred hou. So ook word ons hele projek eers in 'n Noordelike en Suidelike gedeelte gehalveer en daarna in trajekte van so ongeveer 220 km lank.

Tydens onderhandelinge was ek reeds in Noord ingedeel in die trajek net voor Taipei. My maats uit Lesotho wat toe alreeds in Taiwan was, het my aangeraai om daardie een te kies. Noord se hoofkantoor is ook in 'n dorpie binne die stukkie. Lekker naby Taipei.

Kamermaatjie verkies altyd dat ons so na as moontlik aan die naaste internasionale lughawe van 'n land probeer bly want teen die tyd het ons agtergekom dat om in afgeleë plekke te werk nou wel romanties klink en is, maar dat dit vrek ver van als gemaklik is. Dit het ons al tot vyf dae geneem van die dag wat ons vakansie begin het totdat ons voet oor eie drumpel kon sit. Party kontrakte se pakket neem dit nie in ag nie en so verloor jy tot twee weke se verdienste.

By die Regionale Noord hoofkantoor ook bekend as RON, word ek egter voor 'n belangrike keuse gestel. Hulle vertel my dat die outjie in Miaoli, 'n trajek baie verder Suid, gevra het of hy met my kan ruil. Om te wys ek is 'n spanmaat, stem ek in en besluit om eers later vir Annabelle te vertel dat ons effe verder weg beweeg van Taipei as wat sy sou wou.

Laat die middag kom ek in Miaoli City aan, 'n plattelandse dorpie naby die westkus met sowat 90,000 inwoners. Daar is verskeie maniere om die naam van die dorpie uit te spreek, maar hulle sê myne is nogal naby: *Miaaw* soos 'n kat gevolg deur *Lee*.

Miaoli het vreeslik baie bromponies. Jy moet letterlik party plekke in die straat self loop, so staan die bromponies ingepak en op die sypaadjies geparkeer.

Die hotel waar ek inboek is met sy agt vloere, die hoogste gebou in sentraal Miaoli. Weereens is dit opvallend hoe min ag hulle slaan op die verf van geboue. Alle vorme en skakerings van grys met hier en daar 'n roomkleurtjie. Alles staal en beton, amper geen bakstene nie. Met goeie rede, die hele land ondergaan gereeld aardbewings. Daar is darem heelwat rooi teëls op die dakke in die woongebiede. Drie of vier van my kollegas woon sommer heeltyds in die hotel. Die huur is vrek duur in en om Miaoli.

Die ekspats in die hotel spaar nogal heelwat omdat hulle ook kos kry. Ek en Kamermaatjie sou egter nie vir twee jaar saam in een kamer kon oorleef nie.

Die volgende oggend is ek juis vroeg op straat om te gaan geld trek vir die middag se rondry met 'n taxi om na woonstelle te kyk. Tydens my tydjie in RON het hulle vir my 'n nuwe bankrekening oopgemaak en vir my 'n bedrag vir huurgeld inbetaal. Met my splinternuwe bankkaart stap ek na die naaste outoteller toe. Daar is reeds 'n ry in wat tot in die straat staan. Sowat tien mense voor my in die tou. Almal kyk kamma strak voor hulle, maar ek kom agter hulle loer tog onderlangs vir hierdie groot oksidentaal. Voor gekom, druk ek my nuwe kaart in. Op die skerm verskyn al die aanwysings in Sjinees! Wat nou?

Hennie Greeff

UITGEWER

Onrusrivier

pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

Waar kom 'snob' vandaan?

Al ooit gewonder waar die woord "snob" vandaan kom?

Toe die vroeë universiteite in Europa gestig is, was net persone van adel toegelaat om daar te studeer. Later is welgestelde burgers ook toegelaat.

In die argiewe waarin opgeteken is wie aan die universiteit studeer het, is die adelike titel van die persoon altyd ná die naam noteer en by burgerlike persone het daar "sine nobile" (sonder adel) gestaan.

Afgekort: s(ine) + nob(ile) = snob.

"**Drag**" is ook amper so.

Vrouens mag nie op die verhoog verskyn het nie (17de eeu, daar rond).

In drama tekste is daar aangeteken "dressed as girl" wanneer 'n manlike akteur 'n vrouerol speel. Afgekort: "d.r.a.g".

onnosel b.nw.

Dom.

Uit Ndl. onnozel (al Middelnerlands). Die tweede lid van Ndl. onnozel, nl. nozel, beteken in Mnl. 'skadelik'.

Uit die afleiding ontwikkel die betekenis 'onskuldig', waarna 'sagaardig' en daarna 'sonder kennis van die wêreld en dus maklik om te bedrieg, dom'."

•• En ons versterk dit soms tot 'domonnosel.'

Remskoen

Dit is nog een van 'n hele aantal idioome wat terug te voer is na die dae van die wa en osse van ons voorsate. 'n Remskoen was 'n boogvormige voorwerp wat onder 'n wiel vasgemaak is om 'n wa langs 'n steil afdraande te laat rem. Mettertyd is dit gebruik om na konserwatiewe mense te verwys wat alle vordering of vooruitgang vertraag.

Troetel die taal

Nie noodwendig nuutskeppings nie, maar die ongebruikte en onbekende, korrekte en suiwerder Afrikaans wat ons kan gebruik:

- Dit reën ou tannies met hekelnaalde OF paddas en platannas
- Die olifant op die solder (nie in die kamer nie)
- 'n Storm in 'n glas water (nie koppie tee nie)
- Die oortjies van die seekoei, pleks van die punt van die ysberg.
- Die gek skeer – jy trek nie iemand se been nie.
- Hommeltuig (drone) is wel 'n onlangse nuutskepping. Afgelei van hommely: 'n Hommely het nie 'n angel wat steek nie; hommeltuie dra meestal kameras en by uitsondering ook wapens.

Die troubelofte in Kaaps

Kaaps – die Afrikaanse Engels wat die Kaapse bruin mense praat – geniet al meer aandag in die media. LitNet het ook begin om stukke uit die Bybel in Kaaps te vertaal.

Só lyk die troubelofte in Kaaps oorgesit:

Ek, Apoolsie, vat djou, Meraaia,
om my se wiederregtelike,
wiederhelftelike vrou te wies,
om te hê en by te lê
van vandag af an,
vi' hegter of slegter,
vi' ryker en spyker,
in naardeid en klaarheid,
en om djou woester te koester
tot onse dodelike paartie ...

Met hierdie ring wil ek djou wed
lat dji my genoeg sal gie in onse bed,
met my lyf sal ek djou dryf
en dji kan maar aan al my se
onne'wêreld se goete's vat oek...

OOR VERJAARSDAE

Op 'n ligte noot. Blouwillem skryf oor verjaarsdae.

Sy oom Kas het altyd gesê jy moet pasop vir te veel verjaar. Dit kan jou doodmaak.

En: "Ou boetie, jy weet jy word oud as daar niks meer oor is wat jy op die harde manier kan leer nie."

Dis ook so dat mens oud word sonder dat jy die helfte weet van wat jy nog nie weet nie.

Giggels

Lawwe grappies, party is selfs snaaks!



LOTTO-KAARTJIE

Wat is die verskil tussen 'n man wat 'n Lotto-kaartjie koop en een wat met sy vrou argumenteer?

Die ou wat die kaartjie koop het 'n kans om te wen.

SOOS JOU VROU

As jy die eerste keer 'n gemors van iets maak, doen dit dan soos jou vrou vir jou gesê het.

Om met 'n vrou te baklei, is soos om 'n hoender te braai: As jy dink jy is klaar, gee dit nog so 20 minute.

SKAPE

Iemand sê dit vat vyf skape om een trui te brei.

Ek het nie eers geweet hulle kan brei nie.

SKEIDSREGTERS

Hoekom is daar so min vroueskeidsregters wat in rugby blaas?

Want hulle sal jou 'n rooikaart gee vir iets wat drie jaar gelede al gebeur het.

WYS MEER!

Die man het by die teateragentskap ingeloopt vir 'n oudisie.

Hy het sy arms geklap, opgestyg, 'n draai gevlieg en netjie op die tafel geland.

"Wat dink jy daarvan?" vra hy.

"Hm," sê die teateragent, wat taamlik verveeld lyk.

"Dis 'n persoonifikasie van 'n voël wat vlieg. Wat kan jy nog doen?"

SWEDE

Die ou in die kroeg skuif sy koerant eenkant toe en bestel nog 'n dubbel.

"Dis mos blerrie belaglik!" sê hy.

"Wat is so belaglik?" vra die kroegman.

"Hulle sê hier in Swede moet jy jou ligte aansit as dit reën!"

"En hoekom is dit belaglik?"

"Hoe de hel moet ek weet wanneer dit in Swede reën?"

BEGRAAFPLAAS

Ek was laatnag op pad huis toe en het besluit om sommer kortpad deur die kerkhof te vat.

Drie vroue het my genader en gevra of hulle kan saamstap, hulle is ook bang.

Toe nooi ek hulle en sê ek verstaan, ek was ook bang vir begraafplase toe ek nog gelewe het.

Ek het mense nog nooit vinniger sien weghardloop nie.

ENGELSE KOS

'n Stukkie waarheid:

"As die Engelse hul kos kan oorleef, kan hulle alles oorleef."

- George Bernard Shaw.

ANDY CAPP deur Smythe



Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Al die drama oor 'n koppie tee

Die klant het hom in die teekamer tuisgemaak en die kelner is vinnig by met 'n spyskaart,

V: "What would you like? Fruit juice, soda water, milo, tea or coffee?"

A: "Tee, asseblief."

V: "Ceylon tea, spicked tea, honey tea, Rooibos, iced tea or green tea?" A: "Ceylon tee, asseblief."

(Die klant het besluit om aan te hou Afrikaans praat. Dit lyk of die kelner verstaan, maar een van daai is wat weier om die klant se taal te praat.)

V: "How would you like it, white or black?"

A: "Wit, asseblief."

V: "Milk, whitener, or condensed milk?"

A: "Gewone melk, asseblief."

V: "Goat milk, camel milk or cow milk?"

A: "Gewone koeimelk, asseblief."

V: "Milk from Freezeland or Afrikaner cow?"

A: "Hmm. Miskien moet ek dit maar liewer swart drink."

V: "Would u like it with sweetener, sugar or honey?"

A: "Suiker, asseblief."

V: "Beet sugar or cane sugar?"

A: "Rietsuiker, dankie."

V: "White, brown or yellow sugar?"

A: "Ag, bogger die tee. Bring net vir my 'n glas water."

V: "Mineral or still water ? "

A: "Mineraal water, asseblief."

V: "Flavoured or non-flavoured ?"

A: "Aag magtag! Los dit net, ek vrek liewer van die blerrie dors!"

Oom Hendrik en die spietkop

Een van die bekendste staaltjies oor oudminister Hendrik Schoeman is hoe hy tydens 'n debat oor die SA Lugdiens se verversings gevra het: "Wil jy vlieg, of wil jy vreet?"

Daar word ook vertel dat sy kinders skaam was vir die swart Buick wat hy as sy staatsmotor gebruik het wanneer hy by die koshuis vir hulle kom kuier het.

Oom Hendrik het dan, so 'n paar blokke voor die koshuis, die kar geparkeer en 'n swart verbyganger se fiets vir 'n rand of twee by hom gehuur. Hy het dan met die fiets as vervoermiddel by die koshuis opgedaag.

Hy is ná 'n besoek aan Orania oor sy indrukke uitgevra. "Daar gaan ook maar bokkerol aan," sê hy toe. "Hulle het ook net een prostituut en sy is nog 'n virgin".

'n Kaapse rubriekskrywer vertel hoe 'n paar van hulle soms by oom Hendrik in sy amptelike Kaapse dakhuis gekuier het. Dit het jolig gegaan, maar as dit agtuur word, moes almal stil bly sodat hy *The World at War* kon kyk.

By so 'n geleentheid het hy vertel van sy onderonsie met 'n spietkop. Op 'n dag het hy die Vrystaat van een vergadering na die ander deurkruis. Toe hy sien hoe moeg sy chauffeur is, het hy aangebied om self die rywerk te doen.

Hy het 'n swaar voet op die petrolpedaal gehad en die Vrystaat se paaie is lank en reguit. So word hy toe deur 'n spietkop afgetrek.

Hy het vinnig gedink. Sy bestuurder het op die agterste sitplek lê en slaap. Hy gryp toe die chauffeur se pet, beduie agtertoe en sê vir die spietkop: "Sjjjt! Die minister slaap net 'n bietjie."

Einde van die storie.

'n Geskenkpakkie uit Amerika

'n Nigeriese familie was dronkgeslaan toe die kis met die oorskot van hul moeder uit die VSA by hulle aankom. Dit was versend deur een van haar dogters. Die dooie liggaam was so vasgedruk in die kis dat die gesig die glasdeksel geraak het.

Toe hulle die kis oopmaak, het hulle die volgende brief gevind:

Liewe Broers en Susters

Ek stuur aan julle ons moeder se liggaam om begrawe te word, want dit was altyd haar wens om in haar vaderland begrawe te word. Ek is jammer ek kon nie saamkom nie, maar my verlof is geweier omdat ons 'n tekort aan personeel het.

Ek het hierdie goed maar saam met Mama gestuur, dan sukkel julle nie met goed soos invoerbelasting nie/

Julle sal vind daar is in die kis, onder Mama se liggaam, 12 blikkies vis, 10 pakkies Royco sop en 8 blikke hot chocolate. Verdeel dit asseblief onder julle.

Aan Mama se voete is daar 'n nuwe paar Reebok drafskoene vir Bongani se oudste seun.

Daar is ook twee paar skoene vir Emily en Patience se dogters. Ek hoop dis die regte grootte.

Mama dra 6 Amerikaanse T-hemde. Die grootste een is vir Josiah en die ander is vir my nefies. Die twee Levi jeans wat Mama aanhet, is vir die seuns.

Die Switserse horlosie wat Rhema vir haar 21ste verjaardag wou hê is aan Mama se linkerarm.

Tant Shamma, Mama dra die halssnoer, die oorbelle en die ring wat jy wou hê. Neem ditasseblief. Die 6 katoensokkies wat Mama aanhet moet tussen my tienderjarige nefies verdeel word.

Verdeel alles asseblief regverdig. As julle nog iets nodig het, moet julle laat weet. Papa is deesdae nie baie gesond nie.

Jul liefhebbende suster

Usha

Skool se rugbygeheim

Die Kaapse skool se eerste rugbyspan het sy derde agtereenvolgende suksesvolle seisoen gehad waarin hy al die ander spanne in die land geklop het.

Aan die einde van die seisoen het 'n TV-span hom besoek.

"Vertel ons, meneer Maritz, hoe kry jy dit reg om elke jaar sulke goeie spelers te kies?" vra die aanbieder.

"Eenvoudig," antwoord Maritz. "Ek vat hulle aan die begin van die seisoen Nuweland-woud toe en dan skiet ek 'n skoot.

"Hulle begin almal hardloop. Die seuns wat in bome vashardloop, kies ek vir die skrum. Die outjies wat die bome vermy en om hulle hardloop, kies ek vir my agterlyn."

Drie sjirurge stry

Drie sjirurge het gestry oor wie die maklikste soort pasiënt is om op te opereer.

Die eerste sjirurg se keuse was elektrisiëns, want alles binne-in hulle was in kleur gekodeer.

Die tweede een se keuse was bibliotekaresse, want alles in hulle was alfabeties gerangskik.

"Nee," sê nommer drie. "Julle is verkeerd, want politici is die maklikste.

"Sien, daar is geen binnegoed of hart of ruggraat nie. Daarby is hul koppe en gatte heeltemal uitruilbaar."

Raad vir vroue

Trane - Die laaste uitweg, nie die eerste nie.

Leer om te dink voordat jy praat.

Kry wat jy wil hê sonder om te kerm. Dit is 'n vaardigheid wat jy KAN aanleer.

Agteruitry in 'n parkeerplek in verg net oefening en jou man se raad.

Die wêreld in perspektief

As jy die aarde se bevolking krimp tot 'n dorpie met presies 100 mense, sal dit min of meer só lyk in afgeronde getalle:

57 Asiërs

21 Europeërs

14 van die Amerikas

8 Afrikane

52 sal vroulik wees en 48 manlik.

70 sal nie-wit wees, 30 wit.

70 sal nie-Christene wees, 30 Christene.

6 mense sal 59% van die hele dorpie se rykdom besit, en al ses sal uit die VSA wees.

80 sal in substandaard huise woon.

70 sal nie kan lees nie, en 50 sal hongerlydend wees.

Daar sal 1 wees met tersiêre opleiding, en 1 met 'n rekenaar.

Tel jou seëninge

1. As jy vanoggend opgestaan het met meer gesondheid as siekte, sal jy meer geseënd wees as die eenmiljoen wat nie die week sal oorleef nie.
2. As jy nog nooit die gevaar van oorlog, die eensaamheid van op-sluiting, die pyn van marteling of hongerpyn ondervind het nie – sal jy beter af wees as 500 miljoen ander mense.
3. As jy godsdiensvryheid geniet, is jy gelukkiger as 3 miljard mense.
4. As daar kos in jou yskas, klere aan jou lyf en 'n dak oor jou kop is, is jy ryker as 75% van die wêreld se bevolking.
5. As jy geld in die bank, in jou beursie of iewers in 'n houer het, tel jy onder die 8% rykste mense in die wêreld.
6. As jy hierdie boodskap lees, is jy meer bevoorreg as twee miljard ander mense in die wêreld wat glad nie kan lees nie.

Baie glo in ruimtewesens

Volgens 'n onlangse opname deur **Reuters News** glo 20% van die wêreld se mense dat daar ruimtewesens wat net soos ons lyk tussen ons leef.

Indiërs (45%) en Sjinese (42%) is die meeste oortuig dat dit die geval is. In Swede, België en Nederland glo slegs 8% dit is moontlik.

Daar is weinig verskil tussen die hoërinkomste-groep en die middelklas.

Die opname is in 22 lande onder 23000 volwassenes gedoen.

NASKRIF: Geen navorsing is bekend wat aandui hoeveel mense in Suid-Afrika in die tokkelossie glo nie.

VERKEERDE BUS

'n Man wat hoog in die takke was, klim een nag op die bus. Hy steier in die gangetjie op en val neer langs 'n bejaarde dame. Sy kyk hom op en af en sê: "Ek het nuus vir jou. Jy is reguit op pad hel toe."

Die man spring op en roep: "Stop, stop! Ek is op die verkeerde bus!"

DUBBELE BEROEP

In 'n klein Karoodorpie was die polisieman sommer ook die veearts.

Sy foon lui een aand laat, en sy vrou antwoord. "Het julle sy hulp as polisieman of as veearts nodig?" vra sy aan die ontstelde inbeller.

"Albei," antwoord hy. "Ons kan nie ons hond se kake oopkry nie en hy het 'n inbreker in sy bek."

Hoekom sal jy dieselfde fout twee keer maak? Daar is so baie, probeer elke dag 'n ander een.



Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Die maand se eerste vanne ontvang:

VAN GASS vangasser@gmail.com

Hallo, Ek is Edward Rodney van Gass. Gebore in Johannesburg, op 12 September 1949 in Johannesburg. Moeder is Linda Olive van Gass (gebore 9 Maart 1931), suster van ? Johnson, dogter van Willem Jacobus Abraham van Gass. Moeder Greeff. Wat is die name en ander inligting van die WJ Johnson se kinders? Is daar enige ander inligting van die van Gass mense? - Ed van Gass

BRAND william.ab.rowan@gmail.com

Besig met navorsing oor die Brand familie. Ek is opsoek na die ouers van Floris Johannes Cornelis Brand x Huibrecht Johanna Frederika Visser.

NEL tersiaf53@gmail.com

My pa John Martin Nel oorspronklik van Uitenhage. (oorlede) My ma Annetjie, nou 85.Eks gebore in 1 Militêre hosp, Pretoria, 14 Julie 1959.Het broer ouer as ek, Renier en Andrie's 1 jaar jonger as ek. Was baie klein maar onthou nog vir my tannie Koekies (Edith) en haar man Ferdie Viljoen. Hy was in di weermag.

Ogv 55 jaar gelede het hulle op "Monriegh" plote gebly. Tannie Koekies ook suster gehad by name van Lenie. My ma en pa geskei, Ek weet hy het weer getrou en ek dink daar was 3 kinders uit di huwelik gebore. Hulle ma (my oorlede pa) se 2 de vrou weet ek is oorlede. Wil baie graag kontrak maak met my siblings. My ouma aan my pa se kant se naam was Maggie, (nooiens van) Eads. Sy was na my oupa (Nel) weer getroud. Danki

Nog vanne wat ingekom het: Wessels, Schoeman.

Gaan na www.onsdorp.com/stamboom en kyk uit vir jou eie van.

O, die donkie is 'n wonderlike ding!

Die nederige en hardkoppige donkie – ook al die Jerusalemponie genoem – is besig om in sommige lande en kringe baie gewild te raak.

Donkiemelk het glo die jongste kosmode geword en donkiekaas is van die duurste kaas ter wêreld. Donkiemelksjokolade is net so gewild en die melk is 'n uitstekende babakos omdat dit so na aan moedersmelk is. Dit word ook teen allergieë ingespan.

Donkies lewer min melk. In Oos-Europa betaal mense £43 () vir 'n liter donkiemelk.

In die ou dae is donkiemelk as 'n besonder luukse produk beskou: Daar word gesê dat Cleopatra haar syagtige vel te danke had aan die donkiemelk waarin sy gebad het.

Daar is glo ook die gesegde: " 'n Vrou sonder 'n donkie is self een."

Die weduwee se aalmoes in waterstroom gekry



In die middel van Januarie 2019 het 'n skoolseun 'n klein muntstukkie van byna 2 000 jaar oud in 'n stroompie water opgetel waar dit oopgespoel het.

Dié muntstuk het koning Herodes Agrippa I se naam daarop. Hy is die prokurator wat Petrus in hegtenis laat neem het om hom te laat verhoor en wat verbind word met die dood van Jakobus, seun van Sebedeus.

Die muntstuk is 16,5 millimeter groot. Die muntstuk is 'n "prutah" genoem en met 10 daarvan sou 'n mens 'n brood kon koop. Die muntstuk het in Jesus se tyd ook bekend gestaan as die weduwee se aalmoes.

Dit was die waarde van die muntstukkie wat die arm weduwee in die skatkis gegooi het terwyl Jesus haar dopgehou het (Mark. 12:41-44; Luk. 21:1-4).

AGTEROS

Net voor uitspantyd



Nou wat nou? sê Ma. Ek het net halfpad gebad. Watter helfte? vra Pa. Maak dit saak? sê Ma vies. Pa lag. Seker nie, sê hy.

Deur **DAWID VAN LILL**

Liewe Oupa en Ouma

Dit was hierdie week BAIE DONKER!! Eers was dit een aand sommer skielik VREESLIK DONKER. En toe word dit nog baie keer daarna donker.

Die eerste keer toe die ligte so afgaan, was ek baie bang. Dominee praat partykeer van die Buitenste Duisternis en van die Geween en Gekners van Tande. Toe die krag afgaan, dink ek eers dis seker nou die Buitenste Duisternis dié. Net toe skree Mammie baie hard in die badkamer. Met so 'n hoë stemmetjie. Dis nou seker die geween, dink ek. Nou moet die gekners van tande ook net kom, dan is daar GROOT MOEILIKHEID!

Ek dink dis dalk beter om onder die bed weg te kruip. Die Duiwel kan seker nou nie ver wees nie!

Toe hoor ek Pa skree hard in die gang: Eina, dessit! Samuel, jou satang! en Samuel ons kat skree so 'n kwaai skree. So: MIAAAUUUU!! MIAAAUU! Ek dink dankie tog! As dit die Buitenste Duisternis is, is Pa en Mammie darem ook daar. En Samuel.

Toe is daar 'n harde slag in die gang, soos iemand wat val. Mammie skree kliphard: GERT! En ek skree net so hard: PA! Daar is 'n vreeslike geplas in die badkamer en Mammie skree: Ag, dessit!! Gelukkig skree Pa terug: Moenie so raas nie, ek het net geval!

Ma sê later sy het sommer so kaal uit die badkamer gehol, maar gelukkig was al die ligte af. Toe kan sy terugspring sonder dat iemand haar sien en 'n kamerjas aantrek. Die geplas was omdat haar voet gegly het toe sy wou opspring om Pa te gaan help. Toe val sy terug in die bad en spat die badkamer vol water.

Ek onthou my selfoon het 'n liggie. Ek kruip maar onder die bed uit en ek sit dit aan. Ek dink nie dit is nou al die Buitenste Duisternis nie! Toe ek in die gang kom, sien ek Pa lê so skuins op die vloer en Samuel sit langs hom en lek sy poot. Samuel se poot, nie Pa s'n nie.

Pa sê toe vir My: Ai-jai-jai! Toe die ligte afgaan, is Samuel hier langs my. Toe probeer ek hom mistrap, maar toe trap ek my eie voet raak. Ek weet nie hoe ek dit reggekry het nie. Dis seker 'n wêreldrekord of iets. Dat 'n man van my ouderdom nou sy eie voet só presies kan raaktrap in die stikdonker nag. Toe neuk ek net daar ten aarde. GERT! Sê Mammie. Taal!!! Nè! sê Pa. En wie het so geswets daar in die donker badkamer? Mammie sê niks, maar ek weet sy kyk vir Pa. Daai kwaai kyk. Oeee, Ouma, gelukkig is dit donker, want ek het weer my selfoon se liggie afgesit.

Nou wat nou? sê Ma. Ek het net halfpad gebad. Watter helfte? vra Pa. Maak dit saak? sê Ma vies. Pa lag. Seker nie, sê hy. Laat ek gou daai water gaan opdroog. Dit smaak my toe jy in klim, het die meeste water uitgeklim. Ma gee hom so 'n klap teen sy skouer. Watchit, Van der Merwe! sê Mammie. Dun ys, boetie, dun ys!

Partykeer is my Pa en Ma baie snaaks. Ons lag almal, en toe is dit skielik nie meer so donker nie. Die Buitenste Duisternis is nou ver-ver weg. Ek dink nie daar word baie gelag in die Buitenste Duisternis nie.

Ek sê jou wat, sê Pa vir Mammie, ek steek vir jou 'n kers aan, dan bad jy klaar. Ek sal jou rug kom was. GERT! Sê Ma. Kleine muisies... Ek weet hulle praat van my. Ek wil nie saam met hulle bad nie, maar ek wil ook nie in my donker kamer lê nie. Toemaar, Gertjie, sê Pa, ek en jy kan 'n storie op my rekenaar gaan kyk. Ek vra vir Pa hoekom is die krag af. Het ons dan nie betaal nie? Pa sê nee, ons het mos 'n meter. Betaal eers, kry dan krag. Dis wat ek altyd sê.

Ons het betaal, nou het ons nog baie krag. Ek sê: Ek weet REGTIG nie hoekom ONS krag afgesit word as ons klaar daarvoor betaal het nie. Pa krap sy kop. So girts-girt-girts.

Kyk, sê Pa. Dis Eskom wat besig is met beurtkrag. Ek het al gehoor daarvan, sê ek. Dis eintlik kragkaping, sê Pa. Wat? vra ek. Ek weet kaping is wanneer iemand jou kar wil steel. Pa praat van staatskaping as hy nuus kyk, maar ek verstaan nie altyd alles wat Pa sê as hy nuus kyk nie. En partykeer druk ek maar my ore toe. Wil iemand ons krag steel? vra ek. Of ons kragmeter? Nee, daar is nie genoeg krag vir almal nie, nou sit Eskom die krag 'n rukkige lank af op party plekke, sodat almal 'n bietjie van die krag kan kry. Ons maak beurtjies, sien. En dit is nou ons beurtjie om niks krag te kry nie. Maar dis eintlik 'n laaang storie, sê Pa. Ek hou van stories! sê ek. Veral langes!

Dis nie 'n slaapydstorie dié nie, ou Gertjie, sê hy. Dis 'n RILLER. Ek hou van party rillers, sê ek. Bangwees kan mos ook lekker wees. Laat jou Ma rustig bad, dan vertel ek vir jou die storie.

Ons gaan sit op my bed, en Pa vertel. Dis die storie wat ek gehoor het. Eendag, nie so lank gelede nie, was daar drie broers. Hulle was regte ou jakkalse. Soos Jakkals en Wolf se jakkalse? vra ek. Einste, sê Pa. Skelm verby, dié drie.

Toe help iemand by Eskom, wat eintlik vir ons krag moet gee, die drie jakkalse om 'n steenkoolmyn te koop. Hoekom? Wou hulle vuurmaak? vra ek. Nee, dis daardie soort steenkool wat 'n mens verbrand, dan word dit die krag wat ons kan gebruik. In elk geval, Eskom sê toe dié broers kan maar vir hulle al die steenkool bring wat hulle het. Hulle sal elke maand die broers betaal. Maar toe bring die broers net die helfte van die steenkool daar aan, en dit is sommer sulke vrot steenkool ook. Die ander steenkool wat hulle uithaal, verkoop hulle aan ander mense, nie aan Eskom nie.

Eskom betaal toe te veel vir die steenkool, en later is daar nie meer geld om die kragstasies reg te maak as hulle breek nie. En die mense wat die nuwe kragstasies bou, doen slegte werk. Nou gee die kragstasies nie krag soos hulle moet nie. Dis wat ek hoor, sê Pa. Klink vir my BAIE SKELM. Sê ek.

Ek dink lank daaroor. As ons slegte werk doen in die skool, is juffrou baie kwaai. Sy sal my straf, dink ek. Eintlik weet ek dit. Ja, sê Pa, dit is soos dit eintlik moet werk. Iemand moet gestraf word. Maar nou word arme ons gestraf en ons moet ure lank sonder krag sit.

Mammie bad dié aand BAIE LANK. Toe sy klaar gebad het, gaan haal Pa die gasstofie wat ons vir die kampery gekoop het en hy maak vir ons lekker warsjokolade met malvalekkers in. Dis nou marshmallows, as 'n mens Engels wil praat. Ek ken baie Engelse woorde én die regte Afrikaanse woorde! Pa steek sommer die kaggel ook aan. Toe kuier ons 'n hond uit 'n bos.

Later gaan die krag weer aan. Mammie sê: Ek gaan sit sommer 'n lig aan. Net omdat ek kan!

Oupa en Ouma moet maar regmaak vir 'n lang kuier dié vakansie. Mammie sê as sy op 'n donker plek wil wees, moet dit die plaas wees, nie op 'n dorp sonder krag nie. Oupa het mos 'n kragopwekker vir die tye wanneer die krag afgaan. Anders braai ons sommer vleis en ons kuier om die vuur en ons vergeet van beurtkrag. Dis mos ook lekker!

KAMMANUUS

IS OP 18 MAART WEER SAAM MET JOU